CHRISTENSKAP *in die werksplek*

—deur David Malherbe

As my sakeonderneming aan die Here behoort, wat is my rol as ek nie die eienaar is nie? Genesis 1:27 verduidelik: *"God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger..."* Dit beteken as Sy rentmeester of bestuurder. As volgelinge van Jesus behoort ons die regte perspektief te hê ten opsigte van ons plek in 'ons' besighede.

Die Eienaar van 'my' besigheid

Jesus het gesê: *"Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."* (Hand 20:35). Tog is dit vir die meeste van ons nie so maklik om te gee nie. Ons sou eerder oor 'n aanvaarbare minimum met God wou onderhandel.

In sy boek, 'Essentialism, the disciplined pursuit of less', waarsku Greg McKeown teen die 'endowment effect'. Dit verwys na die mens se onwilligheid om afstand te doen van iets wat hy besit. Dit is baie moeiliker om iets wat jy besit weg te gee as om iets wat jy geleen het, terug te gee, want die geleende item was nooit joune nie.

Dink maar byvoorbeeld hoe 'n boek wat al jare lank op jou boekrak staan, sonder dat jy dit gebruik, skielik in waarde toeneem die oomblik wat jy oorweeg om dit weg te gee. Akademiese boeke wat jy vir jou graad- of diplomastudie gebruik het, is seker die moeilikste om van ontslae te raak. Deur ure se intense bestudering van elke boek, het jy 'n sterk emosionele band daarmee ontwikkel.

Dieselfde geld vir ons sakeondernemings. Omdat 'n mens so 'n sterk emosionele band ontwikkel met 'n besigheid of boerdery wat jy opgebou het, beskou jy dit as 'joune'. Paulus herinner ons egter in 1 Korintiërs 10:26 aan wat herhaaldelik in die Ou Testament genoem word: "... *die aarde met alles wat daarop is, behoort aan die Here*", ons besighede ingesluit.

Hierdie regte perspektief is baie belangrik vir ons as volgelinge van Jesus. As jy dink die sakebedryf is joune, bly jou eie belange en selfverryking voorop in jou gedagtes en is jy traag om te gee. Indien jy egter besef dat die besigheid aan die Here behoort, verstaan jy dat die vernaamste rede waarom God jou tot die sakewêreld geroep het, is om by die befondsing en bevordering van Sy werk op aarde betrokke te wees.

God se hoër doel of plan vir die besigheid is belangriker as my eie plannetjies om gou ryk te wil word. Jesus sê: *"Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."* (Matt 6:33).

Ons moet onthou dat God 'n goeie doel voor oë het vir Sy volgelinge (Jer 29:11) en ons sakeondernemings wil seën, maar dit is belangrik dat ons ons sake volgens Sy beginsels bedryf. *"Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is."* (Matt 5:3). Laat ons in afhanklikheid van Hom ons regte plek as rentmeesters in Sy besigheid inneem sodat ons Sy seën kan ervaar.

DAVID MALHERBE *besigheids- en loopbaankonsultant, spreker en skrywer. Kontak hom by info@jedidiah.org.za of besoek www.jedidiah.org.za*

Voorbeelde in die werksplek

'n Groot slagpale-onderneming in die Wes-Kaap stel dit onomwonde dat 'God se Genade' die grondslag van hulle besigheid is. Verder is daar agterop al hulle voertuie 'n visteken met die woorde 'Jesus Saves' en deel van hul visie is '...to take care and protect God's environment...'

Alan Barnhart van Barnhart Crane and Rigging, een van die grootste ingenieursfirmas in Amerika, het tydens 'n toespraak in Suid-Afrika gesê: "I want to share with you what God can do with a very ordinary company." Die onderneming se bestaansdoel is: Om God te verheerlik deur mense die geleentheid te bied om hul vaardighede en gawes in diens van God te gebruik, deur konstruktiewe arbeid, persoonlike getuienis en die befondsing van bediening.

Wat sê die Woord?

- *"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."* Rom 12:2
- *"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here."* Ps 24:1
- *"Aan My behoort al die silwer, aan My al die goud, sê die Here die Almagtige."* Hag 2:8
- *"Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees."* Jos 1:8
- *"Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk."* Spr 16:3
- *"As jy die Here jou God liefhet en Sy wil doen deur Sy gebooie, Sy voorskrifte en Sy bepalings wat ek jou vandag gegee het, te gehoorsaam, sal jy lewe en baie word en sal die Here jou God jou voorspoedig maak in die land wat jy in besit gaan neem."* Deut 30:16

FOUCHEE
properties ▼ eiendomme
PAARL & WELLINGTON
KOOP ▼ VERKOOP ▼ WAARDASIES
KONTAK Gerda Fouchee
082 820 6204 • 021 872 2871
www.foucheeprop.co.za
"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee." Matt 6:33